

20 Junie

Romeine 12:2

Jy kan God dien

Dit is nie elke mens wat God kan dien nie. Sedert die sondeval wil ons net onself dien. Ons eie begeertes en belange geniet die hoogste prioriteit. As gevolg van God se "groot ontferming" wat Hy in Christus aan ons bewys het, mag ons Hom nou dien. Hoe? Deur nie "aan hierdie sondige wêreld gelyk te word nie". Christus het ons losgekoop uit die skema van hierdie sondige wêreld. Die skema sê: "Ek doen wat ék wil. My belange en begeertes is my eerste prioriteit". Hierdie skema is vir ons baie aantreklik. Hoe kry ons dit reg om uit hierdie skema los te breek? "Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe".

Hierdie verandering of metamorfose is deur die Heilige Gees in jou hart bewerk. Nou moet hierdie verandering in jou lewe sigbaar word. Hoe? Deur anders te dink. In plaas van die skema van hierdie wêreld wat jou altyd laat dink en optree volgens jou eie begeertes en belange, laat die Heilige Gees jou nou vra: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" Hy lei jou om te "kan onderskei wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is". Daarvolgens moet jy dan optree. Só stel Hy jou in staat om God te kan dien soos Hy van jou verwag en nie soos jy self besluit nie. Só stel Hy jou in staat om die metamorfose in jou lewe sigbaar te maak. Hoe gaan dit vandag in jou lewe duidelik word dat jy nie meer in die skema van hierdie wêreld inpas nie?

Sing: Skrifberyming 14:1

Ds. A.P. Krüger (Postmasburg)